



LAINGSBURG

NOLI PROCRASTINARE

# INDIGENT MANAGEMENT POLICY

# DEERNIS BELEID

# 2024/2025

Financial Policy No.: 15
Revision: Version 1
Last Review: March 2024
(MTREF)
Effective From: 1 July 2024
https://www.laingsburg.gov.za

# INHOUD

DEFINISIES ... 3

1. DOELSTELLING ... 5
2. WIE KWALIFISEER VIR DEERNIS-BYSTAND ... 6
3. TOEPASSING VAN DIE BELEID ... 7
4. NIE-NAKOMING VAN HUISHOUDINGS GEREGISTREER AS BEHOEFTIGE ... 9
5. VERSLAGGEWINGVEREISTES ... 10
6. ROLSPELERS & KONTAK BESONDERHEDE ... 10
7. HERSIENING VAN BELEID ... 11
8. TITEL EN AANVANGSDATUM ... 11

## DEFINISIES

Vir die doel van hierdie beleid, tensy die konteks anders aandui, sal enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, dieselfde beteken en dus beteken –

**"Basiese diens"** - die hoeveelheid of vlak van enige munisipale diens, wat nodig is om 'n aanvaarbare en redelike lewenskwaliteit te verseker en wat indien nie verskaf word nie, openbare gesondheid of veiligheid van die omgewing in gevaar sou stel. Vir die doeleindes van hierdie beleid sal dit beperk word tot die lewering van elektrisiteit, vullis, riool en waterdienste.

**"Hoof Finansiële Beampte"** – 'n beampte van die Munisipaliteit aangestel as die hoof van die Finansiële Departement en sluit enige persoon in –

a) Wat in so 'n posisie optree (funksies soos vervat in artikel 81 van die MFMA); en
b) Aan wie die Hoof Finansiële Beampte, 'n bevoegdheid, funksie of plig, ten opsigte van so 'n gedelegeerde bevoegdheid gedelegeer het.

**"Raad"** of **"munisipale raad"** - 'n Munisipale raad soos gedefinieer in artikel 18 van die Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet No 117 van 1998) en vir doeleindes van hierdie beleid, die munisipale raad van Laingsburg Munisipaliteit.

**"Klant"** - Enige okkupeerder van enige eiendom waaraan die Munisipaliteit ingestem het om dienste te lewer of reeds dienste lewer aan, of indien daar geen okkupeerder is nie, dan die eienaar van die eiendom (insluitend 'n geregistreerde hulpbehoewende huishouding).

**"Agterstallige verbruiker"** - 'n Persoon wat geld aan die munisipaliteit skuld ten opsigte van 'n munisipale rekening waarna die betaaldatum verstryk het.

**"Billike deel"** - die deel van nasionale inkomste wat jaarliks aan die munisipaliteit oorbetaal word wat hoofsaaklik vir die subsidiëring van basiese dienste aangewend moet word;

**"Huishouding"** - Mense wat saam op 'n erf of perseel op 'n permanente basis woon en wat water en/of elektrisiteit vanaf een meter ontvang.

**"Inkomste"** - Inkomste is die bruto som van alle maandelikse inkomste uit alle bronne, insluitend winste, dividende, pensioene, huurgeld, rente ontvang, toelaes of beleggings-inkomste, subsidies en ander vorme van verdienste ontvang deur elke persoon wat op die eiendom woon.

**"Behoeftige / Deernis huishouding"** – Huishouding waar die totale bruto maandelikse inkomste van bewoners oorskry nie die bedrag soos deur die raad bepaal nie en kwalifiseer in terme van die beleid.

**"Munisipale Rekening"** - Formele kennisgewing deur middel van 'n rekeningstaat (faktuur), aan persone aanspreeklik vir gelde gehef vir dienste gelewer insluitende belastings en die netto opgehoopte saldo.

**"Munisipaliteit"** – 'n Kategorie B-munisipaliteit ingestel kragtens die Grondwet en die Wet op Munisipale Strukture wat betrekking het op die Laingsburg Munisipale jurisdiksie.

**"Die Wet"** - Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wet, 2000 (Wet No 32 van 2000) soos van tyd tot tyd gewysig.

# 1. DOELSTELLING

Weens die vlak van werkloosheid en daaropvolgende armoede in die munisipale gebied, is daar huishoudings wat nie in staat is om vir basiese munisipale dienste te betaal nie. Die munisipaliteit aanvaar dus hierdie deernisbestuursbeleid om te verseker dat hierdie huishoudings ten minste toegang het tot basiese munisipale dienste, en is gelei in die formulering van hierdie beleid deur die beleid van die nasionale regering in hierdie verband.

Die doel van die hulpbehoewende beleid kan opgesom word in:

a) Die bied van basiese dienste aan die behoeftige of hulpbehoewende gemeenskap op 'n volhoubare wyse, binne die finansiële en administratiewe kapasiteit van die munisipaliteit;

b) Voorsien prosedures en riglyne vir die subsidiëring van basiese dienskoste aan behoeftige huishoudings deur gebruik te maak van die billike aandeeltoewysing, ontvang van die Nasionale Regering en ander begrotings-bepalings;

c) Bekostigbaarheid te verseker deur tariewe wat ingevolge die munisipaliteit se tariefbeleid bereken word te subsidieer en deur toepaslike diens-vlakke in ooreenstemming met die munisipaliteit se diensleweringsplan daar te stel; en

d) Die Raad erken ook dat baie inwoners nie die koste van volle voorsiening van dienste kan bekostig nie en om hierdie rede sal die Raad poog om bekostigbaarheid te verseker deur:

   - Die vasstelling van tariewe ingevolge die Raad se Tariefbeleid, wat die ekonomiese lewensvatbaarheid van voortgesette dienslewering sal balanseer, en
   - Bepaling van toepaslike vlakke van dienslewering.

e) Die beleid bepaal die kriteria vir kwalifikasie van behoeftige huishouding en is ten doel ten einde te versker dat die kriteria korrek en regverdig op alle aansoekers toegepas word.

# 2. WIE KWALIFISEER VIR DEERNIS-BYSTAND

- **Huishoudings waar bevestigde totale bruto maandelikse inkomste** van al die bewoners oor 18 jarige ouderdom nie die som van **2 staats-pensioene oorskry nie**, of sodanige ander bedrag as wat die raad van tyd tot tyd mag sal bepaal, sal vir 'n subsidie op eiendomsbelasting tot 'n maksimum bedrag van R15000.00 en dienstegelde vir riolering en vullisverwydering kwalifiseer,baiese gelde van water en basiese gelde van 20amp elektrisiteit en sal bykomend 6 kl water per maand en 50 kwh elektrisiteit gratis per maand ontvang.
- **Huishoudings waar pensioenarisse woonagtig is** met 'n inkomste van nie meer die bedrag van 2 pensioenarisse soos bepaal deur die raad, kwalifiseeer vir 'n eenmalige bedrag korting soos van tyd tot tyd deur Raad bepaal.

- Slegs **huishoudings waar die rekeninghouer of eiendomseienaar geregistreer** het as behoeftig ingevolge die munisipaliteit se ses maandelikse registrasieprogram, en wie se registrasie aanvaar en in die register vir hulpbehoewende huishoudings geregistreer is, sal kwalifiseer vir die bogemelde bewilligings.

- Vir 'n huishouding om vir **subsidies op dienstegelde** (verwys Deel 3) te kwalifiseer, moet die geregistreerde behoeftige die **voltydse bewoner** van die betrokke eiendom wees en mag **slegs een woning besit** wat en die woning moet **binne die munisipale gebied** wees.

- 'n **Huishouding se verbruik mag nie** nie **16 kiloliter water en/of 450kWh per maand** se verbruik **oorskry nie**, ten einde te kan kwalifiseer as 'n deernis huishouding. Dit sal bereken word op 'n gemiddelde verbruik oor 'n 12 maande periode.

- Vir 'n huishouding om te kwalifiseer vir 'n **korting op belasting**, moet die geregistreerde behoeftige beide die eienaar en **voltydse bewoner** van die betrokke eiendom wees, en mag **nie 'n ander eiendom besit nie**, of die eiendom **binne die munisipale gebied** is of nie.

- Deernisverligting sal van **toepassing wees vir 'n tydperk wat nie langer is as 'n ses maande periode** waarin die besondere huishouding as behoeftiges geregistreer is nie. **Registrasie moet hernuwe** word in elke registrasieprogram indien velrigting moet voortduur.

- Om as behoeftige te registreer, moet die eienaar van die betrokke eiendom of rekeninghouer persoonlik **die registrasievorm** deur die munisipaliteit vir die doel voorsien, **onderteken** en sodanige dokumentasie voorsien as wat die munisipaliteit spesifiseer.

Die munisipale bestuurder sal hulp voorsien aan persone wat nie kan lees of skryf nie, teen sodanige tye en plekke soos gespesifiseer in die kennisgewings gepubliseer om aan te dui dat die registrasieprogramme plaas moet vind. Registrasie sal geskied op datums en tye bepaal deur die raad, maar sal algemeen onderneem word gedurende Desember en Junie elke jaar.

# 3. TOEPASSING VAN DIE BELEID

**GRATIS BASIESE WATER**



- Konvensionele meter - Subsidie eerste 6kl
- Voorafbetaalde meter - Subsidie eerste 6kl
- Enige verbruik bo subsidie, sal gehef word soos per water-tarief struktuur
- Basiese fooi ten volle gesubsidieer
- Voorafbetaalde meter verpligtend waar van toepassing.
- Beperk tot 'n maksimum van 16 kiloliter / maand
  (Gemiddeld oor 'n jaar word inag geneem)

**GRATIS BASIESE ELEKTRISITEIT**



- Voorafbetaalde elektrisiteitsmeter
- Subsidie – eerste 50 kWh
- Enige verbruik bo subsidie, sal gehef word teen normale tarief per kWh
- Subsidie slegs van toepassing op 20 ampere stroombreker (20 Amp)
- Beperk tot 'n maksimum van 450 kWh / maand
  (Gemiddeld oor 'n jaar word inag geneem)

**GRATIS VULLISVERWYDERING**



- Huishoudelike vullis, word ten volle gesubsideer.
- 1 x Verwydering per week

**GRATIS RIOOL**



- Riool word ten volle gesubsideer.

**EIENDOMSBELASTING KORTING**



- Geen

**Dienste subsidie en belasting korting verduidelik:**

- Die **korting op belasting** en die subsidies op gespesifiseerde dienstegelde sal bepaal word as deel van elke jaarlikse begroting en ingevolge die munisipaliteit se beleide op eiendomsbelasting en tariewe. Die korting op belasting sal bereken word op die gemiddelde waarde van lae-koste behuising, met 'n R15 000,00 korting op belasting met 'n huis van 'n gewaardeerde waarde van tot en met R60,000. Dit sal slegs van toepassing wees op geregistreerde deernishuishoudings.

- Ten opsigte van **water**, 'n 100% subsidie tot 6 kl per huishouding per maand sal van toepassing wees. Indien verbruik 6 kl per meterlesing periode (maand) oorskry, sal die normale tariewe vir werklike verbruik op die hoeveelheid bo 6 kl gehef word. Die basiese heffing word ook ten volle gesubsideer.

- Ten opsigte van **elektrisiteit**, 'n 100% subsidie tot 50 kwh per huishouding per maand sal van toepassing wees; as verbruik egter 50 kwh per meterlesing periode (maand) oorskry, sal verbruik gehef word teen normale tariewe vir werklike verbruik op die hoeveelheid bo 50 kwh. Die basiese heffing word ook gesubsideer tot 'n maksimum van 20 AMP.

- Ten opsigte van **rioolgelde**, 'n 100% subsidie. tot 6 kl rioolafvloei per huishouding per maand sal van toepassing wees. Die basiese heffing word ook ten volle gesubsideer.

- Alle eeste deernis aansoeke wat toegestaan word, kan aanspraak maak op 'n volledige afskryf van agterstallige skuld soos tot en moet op datum van goedkeuring van die deernis aansoek.

# 4. NIE-NAKOMING VAN HUISHOUDINGS GEREGISTREER AS BEHOEFTIGE

Wanneer 'n eiendomseienaar of rekeninghouer wat geregistreer is as behoeftige nalaat om te voldoen aan enige reëlings of voorwaardes wesenlik toepaslik tot die ontvangs van behoeftige verligting, sal sodanige verbruiker sy status as geregistreerde behoeftige onmiddellik prysgee en sal daarna behandel word as 'n gewone residensiële eiendomseienaar of rekeninghouer vir die betrokke finansiële jaar.

Die onus is op elke behoeftige om die munisipale bestuurder te verwittig van sodanige versuim om te voldoen.

Dit mag gebeur dat selfs met die instelling van die deernisbeleid, dat sekere huishoudings agterstallig mag raak ten opsigte van bedrae deur hulle verskuldig ten opsigte van eiendomsbelasting. Dienste gelde soos dienste wat gesubsideer word sal dienooreenkomstig afgeskryf word vir die behoeftige wat kwalifiseer. Die eiendomseienaar of rekeninghouer sal onmiddellik reëlings moet tref met die munisipale bestuurder om hierdie verskuldigde agterstallige betaling binne 'n redelike tyd, soos bepaal deur die munisipale bestuurder ingevolge die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid, te betaal. Indien sodanige reëlings nie getref word nie, sal geen subsidies toegeken word en dienste mag gestaak word dienooreenkomstig die munisipaliteit se kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid.

Die verligting aan behoeftiges kan onttrek word na die oordeel van die munisipale bestuurder, indien:

- 'n Geregistreerde behoeftige wat vir sodanige verligting nalaat om te hou by die bepalings van die beleidsooreenkoms; of
- Enige peutering met installasies van die munisipaliteit ontdek is.

Indien gevind word dat 'n geregistreerde behoeftige bedrieglike inligting aan die munisipaliteit verstrek het ten opsigte van enige wesenlike voorwaardes vir registrasie as 'n behoeftige, moet sodanige persoon onmiddellik van die register vir behoeftiges verwyder word, en sal verplig wees om aan die munisipaliteit alle deernisverligting ontvang vanaf die datum van sodanige bedrieglike registrasie terug te betaal. So 'n persoon mag nie weer vir deernisverligting oorweeg word nie vir 'n tydperk wat strek oor 5 (vyf) jaar na die finansiële jaar waarin die wangedrag ontdek is.

Deernisverligting sal nie van toepassing wees ten opsigte van eiendomseienaars wat meer as een eiendom besit nie, binne of buite die munisipale gebied.

# 5. VERSLAGGEWINGVEREISTES

- Die munisipale bestuurder moet op 'n maandelikse grondslag aan die uitvoerende burgemeester verslag doen vir die betrokke maand en aan die munisipale wyk oor:

↳ Die aantal huishoudings geregistreer as behoeftiges en 'n saaklike verduideliking van enige beweging in sodanige getalle;

↳ Die geldelike waarde van die werklike subsidies en kortings betrokke;

↳ Die begrote waarde van die subsidies en kortings betrokke; en

↳ Die bogenoemde inligting akkummulatief vir die finansiële jaar tot datum.

- Die uitvoerende burgemeester moet bogemelde verslae op 'n kwartaallikse grondslag aan die raad en aan die munisipaliteit se wykskomitees voorlê, of maandeliks, indien so versoek.

- Die koste van gesubsidieerde dienste moet jaarliks geopenbaar word in the begroting en moet apart geopenbaar word in die finansiële state.

# 6. ROLSPELERS & KONTAK BESONDERHEDE

a) Raad;

b) Gemeenskapsontwikkelingswerkers;

c) Wykskomiteelede;

d) Munisipale amptenare;

e) Gemeenskap;

f) Nasionale Tesourie; en

g) Ander wat geïdentifiseer kan word.

**<u>Kontak Besonderhede vir enige navrae:</u>**

Persoon / posisie vernatwoordelik?;
Laingsburg Municipality
Van Riebeeck straat 2
Laingsburg, 6900
Tel: 023 551 1019
E-mail: info @laingsburg.gov.za

# 7. HERSIENING VAN BELEID

Die beleid moet op 'n jaarlikse basis hersien word saam met die jaarlikse begroting. Dit vorm 'n integrale deel van die begrotings-aanames en in enige wysigings moet die begrotings impak inage geneem word.

# 8. TITEL EN AANVANGSDATUM

Die beleid sal na verwys word as die Deernis Beleid van Laingsburg Munisipaliteit wat sal inwerking tree op 01 Julie 2024.

## DOCUMENT CONTROL

| VERSION AND DOCUMENT CONTROL | | | |
|---|---|---|---|
| **POLICY NAME:** | Indigent Policy | | |
| **POLICY OWNER:** | Financial Department / BTO | | |
| **RELATED POLICIES:** | Customer Care Credit Control & Debt Collection Policy | | |
| **REVIEW:** | Annually | **Budget Policy** | Yes |
| **POLICY EFFECTIVE DATE:** | 01 July 2024 | **Budget Policy Nr** | 15 |

| **Version** | **Date** | **Adoption** | **Revision** |
|---|---|---|---|
| 1 | April 2023 | 1st Adoption | |
| 2 | 20 March 2024 | 28 March 2024 | 1st Revision |
| 3 | | | 2nd Revision |
| 4 | | | 3rd Revision |

| | |
|---|---|
| ------------------------------------ | ------------------------------------ |
| Municipal Manager<br>J. Booysen | Mayor<br>A Kleinbooi |
| Date: 28 March 2024 | Date:28 March 2024 |